

Maandag 25 September

Skrifgedeelte: Jesaja 55:1-13

Fokusgedeelte: Jesaja 55:1

Kom koop sonder geld by die Here – Hy maak jou vol, les jou dors en gee jou vreugde!

Stel jouself voor jy het in 'n woestyn verdwaal. Jy dwaal rond. Jy het niks by jou nie. Nie kos nie. Nie water nie. Jy is honger – maar kan niks daaraan doen nie. Jou mond is droog. Die son brand jou genadeloos. Jy is dors. So strompel jy voort – en weet dat jy op pad is na jou dood toe.

Dan kom daar iemand. Jy hoor hom roep: Kom! Kom, koop water by my! Jy weet jy het daardie water nodig. Maar jy het nie eers geld om water te koop nie. Soos jy egter nader aan die verkoper kom, hoor jy sy verdere boodskap: Kom, koop – sonder geld! Kom koop – sonder om te betaal! Nie net water nie, maar wyn en melk ook! Nie net water om lewe in stand te hou nie, maar melk om jou sterk te maak en wyn om jou gelukkig te maak.

Dit is hoe groot die Here se genade vir ons ook is. Hy gee meer as wat ons nodig het. Hy gee lewe in 'n verhouding met Hom. Ewige, vreugdevolle lewe wat ons nie self verdien nie. Ons koop by Hom sonder om te betaal, omdat ons Here Jesus Christus vir ons aan die kruis betaal het. Hy was dors sodat ons nooit weer na God hoef te dors nie. Deur Hom is ons met God versoen.

Dit is wat ons met nagmaal gedenk – Jesus het vir ons betaal waar ons nie self kon nie. By God het ons meer as wat ons nodig het – water, melk en wyn. Gaan jy dit koop sonder geld? Of gaan jy verbyloop en doodgaan van die dors?

Sing: Psalm 118:14 (1936)

Ds. GP (Gerhard) van Rhyn (Rietvallei)